

N.G. Gemeente Vaalpark

Gebedsbulletin no 49

5 Desember 2021

Geloof wat werk (2)



Ware geloof open ons geestesoë en hart sodat ons kan leef vir iets baie groter as onself. Dit verander ons begeertes en gebede en dit plaas 'n ewige perspektief op alles wat ons vra en verwag.

God weet wat ons nodig het

Dit beteken nie dat ons Hom nie volgens die Woord vir sekere dinge kan vertrou nie, maar wel dat ons God in alles bo ons begeertes en wil sal plaas. Sy wil moet primêr in ons lewens heers en ons moet leer om die uitkoms in Sy hande te laat. Ons hoef nie vir God te leer om ons lief te hê of om na ons behoeftes en begeertes om te sien nie. Hy is 'n liefdevolle Vader wat dit in elk geval doen. Kyk na die natuur en die voëls daarbuite. Gaan lees en mediteer weer oor Matt 6:25-34.

Ware geloof is nie blind nie

“Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie” – Hebr 11:1. Ware geloof is nie bli9nd nie – intendeel, ware geloof open ons geestesoëen hart soda tons kan lewe vir iets baie groter as onself. Dit verander ons begeertes en gebede en plaas 'n ewigheidsperspektief op alles wat ons vra en verwag.

Geloof plaas God sentraal

Hoe gereeld vra jy vir God wat jy vir Hom kan doen en nie net wat Hy vir jou kan doen nie? Ware geloof plaas God en Sy wil sentraal in ons lewens en laat ons volgens Sy wil, en in vertrou op Hom, bid. Sodoende verander dit die dinge waarvoor ons hoop en kom dit in lyn met wat God begeer. Hierdie gesindheid posisioneer ons sodat ons al hoe meer beantwoorde gebede kan verwag en sien.

Die voorbeeld van Jesus

Jesus het alles gekry wat Hy gevra het, hoekom? Jesus se gebede is almal beantwoord. Die fokus van ons gebede moenie net op versoeke wees nie, maar eerder dat dít wat ons vra, God so sal behaag dat Hy dit wil beantwoord. Die sleutel tot Jesus se sukses was dat Hy volgens hierdie beginsels gelewe het: “Uit My eie kan Ek niks doen nie: Ek oordeel soos Ek dit van die Vader hoor, en My oordeel is regverdig, omdat dit nie My wil is wat Ek nastrewe nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.” - Joh 5:30 Jesus het vir hulle gesê: “Wat Ek die mense leer, kom nie van Myself af nie, maar van Hom wat My gestuur het. As iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God af kom, en of Ek uit My eie praat. Wie uit sy eie praat, soek sy eie eer; maar hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het, is geloofwaardig, en daar is niks oneerliks in Hom nie.” Joh 7:16-18

Geloof behels nederige toewyding aan God se wil

As Jesus hierdie gesindheid en nederigheid gedemonstreer het, hoeveel te meer moet dit nie ons begeerte en gesindheid wees nie? Geloof is nie aan ons gegee sodat ons eie wil kan seëvier nie. Geloof is 'n verhouding met die allerhoogste God vir wie ons lief is en dien, om Sy wil vir ons en die wêreld om ons te sien gebeur.

Gemeente en algemene voorbidding:

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir álmal wat covid het in ons land, maar ook in ons gemeente.
- Vir 'n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir ons president, regering en staatsdiens instellings vir wysheid.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons 'n biddende gemeente sal wees, met 'n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir almal wat met eksamens besig is.

Voorbidding

- Lottie Conradie en gesin – kry baie swaar. Het MS. Vir die Here se nabyheid.
- Janine Vorster –Vir volkome genesing.
- Maria Steyn – vir volkome genesing.
- Oom Sampie Swart – vir die nabyheid van die Here.
- Ria Putter – vir volkome genesing.
- Thea Bosman – vir volkome genesing.
- Karina van den Berg – vir volkome genesing. Sy het kanker.
- Monica – (Hantie Terblanché se dogter) – sy het kanker. Vir volkome genesing.
- Johan Kotze – vir volkome herstel en genesing.
- Basie Roux – vir volkome genesing.
- Carina Haasbroek – vir volkome genesing.
- Tannie Marinda Jordaan – vir volle genesing.
- Nadeleen Deguay – gaan beter en uit ICU.
- Hanna Pienaar – vir volkome genesing.
- Jaap Naude – vir volkome herstel en genesing.
- Francois en Sanet Smit – vir volkome herstel en genesing.
- Dezi Stinton – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Gerda J van Rensburg – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Nollie Pretorius – vir volkome herstel en genesing.
- Tannie Hester Weldhagen – vir die Here se nabyheid en genesing.
- Anton Castelyn – vir volkome herstel en genesing.

Gedagte vir die week:

Geloof is die moed om dit verder te waag as wat jy kan sien.

WN Clark

Gebedsversoeke: Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org

